

Skriflesing: Jesaja 65:1-14

Teks: **Jesaja 65:8**

Sing- Ps. 45:1,2; Ps. 119:20; Ps. 145:10; Ps. 23:3; Ps. 116.... Ps. 145:9

Broeder en suster, ons wil vanoggend Nagmaal vier. Wanneer ons die brood eet en die wyn drink, kan ons dit wat Jesaja vanoggend ons laat hoor op besondere manier toepas. Jesaja praat van druiwe, van 'n tros druiwe en in daardie tros is daar korrels wat nog sap dra. Dit gaan om die mos in die druiwetros. Die wyn wat ons drink moes daar sap uit die druiwe gehaal gewees het. Dit is die begin van wyn. Van droë druiwekorrels kan rosyntjies gemaak word, maar nie wyn nie.

Ons moet vanoggend beseef die sap by die druiwe en die wyn in die beker moet 'n aansluiting met ons elkeen se lewe maak. Daar moet sap in ons lewe wees. Wanneer die Here vir ons sy belofte gee, dat Hy nie sal verniel nie, dat Hy in werklikheid sal seën daar waar mos in 'n tros druiwe is, moet ons die vers van twee kante kyk. Hier is sprake van verniel, hier is sprake van seën... Ons tema by hierdie Nagmaal is die vraag **hoe kan ons ons deur God by hierdie Nagmaal geseënd wees terwyl daar baie vernieling plaasvind**. Ons stel as hoofgedagtes die vraag na hoekom is daar vernieling? Tweedens, wanneer laat God ons wel van sy seëninge toekom?

Hoekom is daar vernieling?

Ons staan hier by die voorlaaste hoofstuk van 'n groot boek. Ses-en sestig hoofstukke het die profeet Jesaja keer op keer twee kante van dieselfde saak moes hanteer. God se reg, God se liefde, God se oordeel, God se barmhartigheid, hoe moet ons dit verstaan? Die God wat straf terwyl Hy eintlik die mens wil seën. Elke keer word Jesaja op hierdie meskant van twee kante geplaas. Jesaja wat ook genoem word die evangelis van die Ou Testament. 'n Evangelis wil die evangelie bring. 'n Evangelis wil 'n draer van goeie nuus wees, dié draer van 'n blye boodskap. Dit was Jesaja, evangelis, keer op keer kan hy goeie nuus laat hoor, ons dink maar net hierdie blye boodskap wat 'n volk in ballingskap tot diep in hulle harte moes raak- Jes. 40:1- 2 **1** *Troos, troos my volk, sê julle God. 2* *Spreek na die hart van Jerusalem, en roep haar toe dat haar stryd verby is, dat haar skuld betaal is, dat sy uit die hand van die HERE dubbel ontvang het vir al haar sondes.* Watter wonderlike nuus wat hy vir sy volk kon bring.

Aan die ander kant, die volk van die Here wat hierdie boodskap mag hoor, is daar by hulle waardering vir wat God doen. Is hulle dankbaar? Is hulle bly? Hoor hulle werklik wat die

Here vir hulle wil sê? In hfst. 1 het die Here al gesê – vv 2-3 **2** *Hoor, o hemele, en luister, o aarde, want die HERE spreek: Ek het kinders grootgemaak en verhoog, maar hulle het teen My oortree.* **3** *'n Os ken sy besitter en 'n esel die krip van sy eienaar, maar Israel het geen kennis nie, my volk verstaan nie.* U hoor duidelik hoe God in alle opsigte vir hulle 'n God wil wees. Ja, geliefdes ons kan dit nog duideliker sê - ons hoor in baie van die profete hoe God Self sy hart vir sy kinders oopmaak. In Jesaja 5 waarby Jesaja 65 direk aansluit lees ons die lied van die wingerd. God stap deur die wingerd deur Homself geplant. Dit is 'n wingerd deur God geplant, deur God versorg, daar is 'n parskuip, 'n wagtoring, 'n heining om die wingerd, alles wat nodig is, is daarin. Jesaja 5 is God se verwagting hulle moet kan druiwe dra. Wat gebeur- hulle dra druiwe, maar dit is wilde druiwe. God se gunstige omstandighede wat God vir die wingerd geskep het, word met 'n gesindheid van negatiewe en hardheid geoordeel. Op die einde dan as God hard is, dit omdat die mens nie dankbaar is nie, dan word God van hardheid beskuldig...

Mense, so was dit ook in Jesaja, het God as die harde God wou voorstel. Een wat straf, Hy wat onverbiddelik sy eise teen die mens opstel. Dikwels het die profete nie anders kon as om God se oordele duidelik af te kondig. God gaan straf. Straf God omdat Hy daarvan hou, het God 'n behae in sy eie oordele? Hou God daarvan om te verniel? In Jer. 1:10 dan staan daar ook weer hierdie harde feit- God wat gaan verniel- Die Here sê vir Jeremia- **10** *Kyk, Ek stel jou vandag aan oor die nasies en oor die koninkryke om uit te ruk en om te gooi en te vernietig en te verwoes...* dan aan die einde van die vers sê dieselfde God vir Jeremia, Hy gaan ook bou en plant...

Ons moet besef wanneer God praat van hoe Hy gaan verniel, dan het ons met mense te doen wat lankal vir God wou verniel. Nou kan u dalk vra maar hoe kan die mens God wil verniel?! Broeder en suster, blaai maar net so bietjie terug, want alles wat in Jes. 65 staan, begin eintlik al by Jesaja 63. Jesaja 63:10 praat van hoe hulle die Heilige Gees bedroef het, terwyl vers 7 'n opeenstapeling was van hoe goed die Here vir hulle wil wees- Jesaja roep dit uit- **7** *Ek sal die goedertierenhede van die HERE prys, die roemryke dade van die HERE, ooreenkomstig alles wat die HERE aan ons bewys het, en die veelvuldige goedheid jeens die huis van Israel wat Hy aan hulle bewys het, na sy barmhartighede en na die grootheid van sy goedertierenhede.* As die Here sy hart oopmaak, ons kry as't ware 'n kyk in God se

Vaderhart, maar die kinders van God maak God hartseer. Hulle bedroef die Heilige Gees. Hulle dink dat God het nou vir hulle 'n vyand geword.

En hulle is nie verkeerd nie. God Self sê Hy kan nou vir hulle soos 'n vyand word (63:10), maar hoekom? Die volk kerm en kla, hulle sê baie harde dinge teenoor die Here. Hulle maak asof die Here in die ou dae beter was as wat Hy nou is (63:11). Toe het God hulle deur die see laat trek, Hy die herder van sy kudde? Nou vra hulle- *Waar is Hy wat sy Heilige Gees in hulle midde gegee het?* In v17 van hfst. 63 word dit wat die volk teen die Here sê net nog duideliker- **17** *HERE, waarom laat U ons weg dwaal van u weë? Waarom verhard U ons hart, sodat ons U nie vrees nie? Keer terug ter wille van u knegte, die stamme van u erfdeel!* Hulle gaan sover om die Here die skuld te gee vir hulle wég dwaling en verharding! Die Here moet na hulle terugkeer. Hfst 64:1 roep hulle dat die Here se terugkeer deur die hemele moet wees. Die Here moet die hemele skeur, Hy moet neerdaal dat die berge moet wankel. Die res van hfst. 64 is dit heelyd nog 'n worsteling van of God wéér na ons gaan terugkeer. Dit voel vir hulle of niks meer is soos dit was nie. Jes. 64:11- **11** *Ons heilige en heerlike huis waar ons vaders U geloof het, is met vuur verbrand, en al wat vir ons dierbaar was, het 'n puinhoop geword.*

In Jesaja 65 antwoord die Here sy kinders na aanleiding van dit waarmee hulle die Here verwyf. Hy is nie weg van hulle nie. Trouens, hulle wat die Here beskuldig dat Hy hulle verlaat het. Hy was die hele tyd/deurentyd daar. Die Here stel dit baie sterk- **1** *Ek het My laat raadpleeg deur wie na My nie gevra het nie; Ek het My laat vind deur die wat My nie gesoek het nie; aan 'n nasie wat na my Naam nie genoem is nie, het Ek gesê: Hier is Ek, Hier is Ek!*

Geliefdes, wanneer die Here sy teenwoordigheid aanbied, hoe skaam, hoe skuldig staan die mens nie vóór die Here nie? Voordat die Here Hom in die beeld van die druiwetros duidelik maak wys die Here hoe sy volk Hom verniel het. In aansluiting by die vorige hoofstukke is dit asof hulle die Here se hande wat Hy na hulle wou uitsteek afgeklap het. Die Here stel Self sy uitgestrekte arm na hulle- **2** *Ek het my hande die hele dag uitgebrei na 'n opstandige volk wat wandel op 'n weg wat nie goed is nie, agter hulle eie gedagtes aan... God wil nie vir hulle 'n vyand wees nie. 'n Vyand steek nie sy hande so na jou uit nie. Selfs toe hulle op die verkeerd pad was toe was God se hande nog na hulle uitgesteek.*

Niks hiervan het verander nie. Wanneer die God Hom só aan Israel openbaar dan terg die volk die Here. Hulle is op 'n weg wat nie goed is nie, hulle loop agter hulle eie gedagtes aan, openlik blatant offer hulle in die tuine aan die afgode- *laat rook opgaan op die bakstene-* hulle wil dooies raadpleeg- *hulle gaan sit in die grafte vernag in verborge plekke-* varkvleis wat as onrein gesien was, stukke van die vleis bly in die skottels agter. Dan kom die ergste- hulle doen al die gruwels en dan maak hulle asof hulle rein is- hulle roep uit- *Kom nie naby my nie, want ek is heilig.* Geliefdes, die toestand waarin die volk verkeer, hoe hulle God verniel het, laat ons nie verbaas dat God dit duidelik maak dat Hy hulle gaan verniel nie. Hulle word al klaar verniel.

Alles wat ons hier lees, hier vóór ons Nagmaal vandag, staan vir ons teen die agtergrond geskrywe, nie maar net van Israel nie, maar van 'n vernielde Suid-Afrika. Die land is hierdie afgelope jaar baie verniel. Die vernieling in ons myne, die vernieling van die wingerde, ja hoe ironies, wingerde is erg verniel, die mos in 'n tros druiwe word deur mense gebrand. Mense wat net méér en méér wil hê, ja die mens verniel homself, want wanneer daardie mense te min betaal word, dan is dit vernieling van mense, maar die groter vraag eis 'n baie groter oplossing, nie 'n groter dagloon nie. Dit gaan oor die vraag hoe wil die mens God nog verder verniel. Wanneer gaan die mens daarmee ophou?! Dit is die groot saak en daarby kom die mense nie uit nie. Dit word deur geen vakbond en politieke leier na behore aangespreek nie, wanneer gaan mense luister na hoe God se reg en hoe God se oordele bymekaar moet pas.

Ons as mense is geneig om te dink God se liefde en God se oordele staan in spanning met mekaar. God moet tog nie hard wees nie, Hy moet ons tog liefhê. Sy liefde is tog sonder end, maar nou maak ons dieselfde fout as Israel! Wanneer sal na die reg van God geluister word. Inplaas van om te dink God oordeel ons, begin eerder te dink wat maak ons met die regte van God? Hy wat die reg het om Hom te raadpleeg al het die mens nie na Hom gevra nie, Hy wat die reg het dat 'n mens Hom sal vind, al het die mens nie na Hom gesoek nie. *Hier is ek... hier is ek...* dit is 'n regverdige God wat praat. God wil geken wees, Hy wil gedien wees, daarmee begin Jesaja, *'n os ken sy besitter en 'n esel die krip van sy eienaar, maar Israel het geen kennis nie, my volk verstaan nie.* Vier en sestig hoofstukke later, soveel genade, soveel liefde in hierdie tye uitgestort, dink maar wéér aan Jes. 40, *Troos, troos my volk...* en dan kom ons by Hom wat die volle troos kon bring, die volle oordeel van God op

Hom geneem het, ja in alles was die grootste wingerd van God ons geskenk. Christus Self- **1** *Ek is die ware wynstok, en my Vader is die landbouer.* **2** *Elke loot wat in My nie vrug dra nie, neem Hy weg; en elke loot wat vrug dra, dié maak Hy skoon, sodat dit meer vrug kan dra.*

En wat het die mens met die wingerd van God gemaak. Hoe is hierdie wingerd, die Jesus Christus van God nie verniel nie?! Alles van Hom is afgebreek, baie erger as wat mense in 'n wingerd met die stokke kan maak. En dit terwyl ons dan nou weer by die wingerd kom staan is ons laaste gedagte voor Nagmaal-

Wanneer laat God ons wel van sy seëninge toekom?

Nou dat ons gehoor het die vernieling wat daar plaasgevind het, dit teenoor God, is ons teksverse aangrypend- *Soos wanneer iemand mos vind in 'n tros druiwe en sê: Verniel dit nie, want daar is 'n seën in—sal Ek doen ter wille van my knegte, om nie alles te verniel nie.* Die afgelope weke se afgebrande wingerde in die Boland laat ons dit nog duideliker sien wat God ons wys. Alles is reeds verniel, die stokke is swart gebrand, maar gestel daar hang so 'n trossie druiwe daar tussen alles, ja die tros het selfs ook vlamme getrek, maar dieselfde trossie het 'n paar korrel wat daar nog sap in is. Nou sê die Here ter wille van daardie paar korreltjies waar die sap nog in is, terwille van die mos in 'n druiwetros, het die Here sy vernieling nie die laaste woord gemaak nie.

Jesus Christus het die laaste Woord, die laaste sê, die laaste mos in die druiwetros kom lê. Hoor mooi wat Hy sê - **1** *Ek is die ware wynstok, en my Vader is die landbouer.* **2** *Elke loot wat in My nie vrug dra nie, neem Hy weg; en elke loot wat vrug dra, dié maak Hy skoon, sodat dit meer vrug kan dra.* Ons is die lote in Christus. In Hom moet daar sap in ons wees, daar moet mos in ons wees. Sonder die vrug kan daar nie sap, geen mos wees nie. Sonder die vrug in Christus word 'n mens 'n weggegooide loot, maar nou seën God juis die sap. Daar is 'n seën in, sê Jesaja. Dit wil sê soos wat Jesaja en Jesus bymekaar aansluit, hoe meer lote, hoe meer vrug, hoe meer sap, dit alles om die mos in die druiwetros te seën. Ons wat lewe te midde van baie wat verniel is en verniel word, ons moet hierdie Woord uitdra, sodat daar meer mos kan wees. Onthou dit gaan om die reg van God en om die liefde van God. God se liefde staan nie in spanning met sy straf of sy oordele nie. Juis nie. God wat sy hart vir ons oopmaak, is die kerk wat die hart van God moet uitdra. Hier waar ons kerk is, hier waar ons vandag Nagmaal vier, ons gaan die wyn, 'n beker mos, 'n beker met die vrug van die druiwestok as teken van die bloed van Christus opneem, maar hoeveel mos is in onself?

Is ek waarlik 'n tros druiwe waar daar mos insit? Dan sal hierdie gemeente haarself moet verantwoord. Soos hier in Jesaja gebeur. God stap deur sy wingerd. Hy kyk na die lote, die trosse, die korrels, die wat daar nog mos in is. Wat sien God in die Geref. kerk Pretoria dolerend? Wat maak hierdie kerk anders as Efese. Efese wat haar eerste liefde verlaat het. Staan ons verhewe bó Sardis- Sardis waarvan die Here sê dat jy het die naam dat jy lewe maar jy is dood. Laodicea wat die kerk se deur toegemaak het, was jy maar koud of warm, maar nou is jy lou. Hierdie kerk wat as dolerend teenoor die kerke na buite aangedui word. Terwyl ons veel eerder oor méér dinge binne ons sal moet kyk. Begin daarvoor te doleer. Kerke wat die kerkverband oor dinge wil verkwalik, maar hoe skuldig staan ons?! Ons erediensbywoning, veral die tweede erediens, doleer ons daarvoor? Wanneer dit gaan oor dankbaarheid oor die Here teenoor sy Nagmaal. Hoeveel gaan nou maar weer in hulle karre klim en sê die dankseggingsdiens, die nabetrugting moet sonder my wees. Die vraag is dan- hoeveel mos is werklik in u as druiwetros? Terwyl God se seën daarin is! Die Here sê dit ter wille van u, sy knegte...*So spreek die HERE: Soos wanneer iemand mos vind in 'n tros druiwe en sê: Verniel dit nie, want daar is 'n seën in—sal Ek doen ter wille van my knegte, om nie alles te verniel nie*

AMEN